

**17 November**

**Skrifgedeelte: Jesaja 5  
Fokusgedeelte: Jesaja 5:1-7**

**Sien jy raak hoe God vir jou sorg?**

Is dit vir jou ook moeilik om te verstaan hoekom Israel in die tyd van die Ou Testament voortdurend God se verbond verbreek het? Ons fokusgedeelte is 'n pragtige lied waarin God self sy verbasing hieroor uitspreek. God vergelyk Israel hier met 'n wingerd waaraan 'n boer geweldig baie aandag bestee het. Die wingerd was op 'n vrugbare heuwel. Die boer het die klippe verwyder, goeie wingerdstokke geplant en die wingerd beskerm. Daar was alle rede om te verwag dat die wingerd 'n goeie oes sou lewer. 'n Mens kan verstaan dat die boer baie teleurgesteld was toe die wingerd net suur druiwe opgelewer het. Na al die moeite wat die boer gedoen het, kan 'n mens verstaan dat hy die wingerd vernietig het. So, sê die Here, het Israel Hom ook teleurgestel. Hy het die volk uitverkies, hulle uit Egipte gelei en aan hulle 'n eie land gegee. Hulle het Hom egter telkens verlaat en agter afgode aangeloop. So het hulle die verbond verbreek. Op grond hiervan gaan die Here sy volk oordeel. Die oordeel het gekom met die val van die Noordelike Ryk in die dae van Jesaja en die val van die Suidelike Ryk meer as 'n eeu later. Die volk het nie raakgesien hoe God vir hulle gesorg het nie en het so sy genade misken. In Christus het ons deel aan God se genade en is ons elke dag van ons lewe onder sy sorg. Sien ons dit raak en antwoord ons daarop deur vir God te lewe?

*Sing: Psalm 18:1,15*

*Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*